Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 1/2018 **17 Januarie 2018**

Geagte Ouers

Baie welkom terug na 'n heerlike Desember vakansie. Ons hoop en vertrou dat u goed uitgerus het en dat 2018 vir ieder en elk net voorspoed en geluk sal inhou. 'n Spesiale woord van welkom aan al ons Graad R en Graad 1, asook ander nuwe leerlinge wat by ons ingeskryf het. Ons glo dat elkeen sommer gou sal inskakel by Daggies en dat elkeen voorwaar gelukkig sal wees hier by ons.

Hartlik welkom aan Mee. Esjoné Groenewald en Zanté Erwee wat aangestel is as assisstente, onderskeidelik in die Seniorfase en by Graad R.

Baie geluk aan Me. Nadia van Huyssteen wat 'n babaseun ryker geword het gedurende die vakansie. Ons wens haar voorspoed en sterkte toe met die opvoeding van haar kleinding. Baie welkom dan ook aan Me. Connie Scholtz wat vir die eerste kwartaal in Me. Van Huyssteen se plek sal aflos.

Ons innige simpatie aan Me. Joanice Laubscher en haar twee dogtertjies met die skielike afsterwe van haar man, Constant, vroeg in Desember 2017. Ons vertrou dat die Here se genade haar en haar kinders sal dra in die moeilike tyd.

1. **Belangrike Atletiekdatums vir 2018**

Donderdag 18 Januarie	Daggie Kampioenskappe – Velditems o/10 tot o/13
Vrydag 19 Januarie	Daggie Kampioenskappe – Baanitems o/6 tot o/13
Woensdag 24 Januarie	Vriendskaplike byeenkoms by Laerskool Hekpoort
Saterdag 27 Januarie	Byeenkoms op die PUK McArthur stadion - Potchefstroom
Woensdag 7 Februarie	Inter Laerskole Atletiek – Laerskool Jongspan
Donderdag 15 Februarie	Merafong Atletiek – Khutsong Stadion
Dinsdag 20 Februarie	D2 Kampioenskappe - Noordheuwel
Vrydag 2 Maart	Gauteng Kampioenskappe - Roodepoort
Vrydag 3 Maart	Gauteng Kampioenskappe - Roodepoort

Donderdag 15 Maart tot Saterdag 17 Maart sal die Suid-Afrikaanse Atletiek Kampioenskappe plaasvind in Paarl, Wes-Kaap.

admin@dagbreek.co.za

2. Items waaraan deelgeneem kan word by die Daggies Kampioenskappe

S en D	o/7 2011	60m	80m							
S en D	o/8 2010	60m	80m							
S en D	o/9 2009	60m	80m							
S en D	o/10 2008	80m	100 m	1200m	G/s	V/s	H/s		70m Hekkies	
S en D	o/11 2007	80m	100 m	1200m	G/s	V/s	H/s		70m Hekkies	
S en D	o/12 2006	80m	100 m	1200m	G/s	V/s	H/s	Spies-gooi	70m Hekkies	150m H
S en D	o/13 2005	80m	100 m	1500m 800m	G/s	V/s	H/s	Spies-gooi	75m H (D) 80m H (S)	150m H

3. Afrigters

Naellope	Graad R o/6	Mee. J. Laubscher; C. Müller
	Graad 1-3	Mee. A. Els; Me. L. Aucamp
	Graad 4-7	Mnr. W. Carelsen; Me. E. Dercksen
Hoogspring	o/10 tot o/13	Mnr. R. de Koker Me. D. Oosthuizen
Verspring	o/10 tot o/13	Me. L. Nel Mnr. Z. van Deventer
Gewigstoot	o/10 tot o/13	Mnr. C. Kleinhans Me. M. Ebersohn
Spiesgooi	o/12 en o/13	Mnr. A. Janse van Rensburg Me. M. Michau
Hekkies	o/10 tot o/13	Me. M. Lewitton Me. L. Püke-de Beer
800m; 1200m;1500m	o/10 tot o/13	Me. B. Oosthuizen Me. S. van Zyl

4. Oefentye (Vanaf Maandag 22 Januarie tot Maandag 5 Februarie)

13:20 – 14:00	Naellope	o/7 en o/8
14:00 – 14:30	Naellope	o/9 tot o/13
	Hekkies	o/10 tot o/13
14:30 – 15:00	Gewigstoot	o/10 en o/11
	Hoogspring	o/12
	Verspring	o/13
15:00 – 15:30	Gewigstoot	o/12
	Hoogspring	o/13
	Verspring	o/10 en o/11

15:30 – 16:00	Gewigstoot	o/13
	Hoogspring	o/10 en o/11
	Verspring	o/12
16:00 – 16:30	Middelafstande 800m; 1200m; 1500m	o/10 tot o/13

Spiesgooi se tye sal met atlete gereël word.

- **Atlete wat by 'n buite-afrigter (klub) oefen, moet asseblief met Dagbreek se onderskeie afrigters die inligting kommunikeer.**

5. **<u>Atletiekdrag vir vriendskaplike byeenkomste en die Inter</u>**
   Atlete wat aan die vriendskaplike byeenkomste gaan deelneem en vir die Interspan gekies word, moet hulle atletiekklere by die skool huur. Die huur beloop R40 en is betaalbaar by Me. J. du Preez.

6. **<u>Daggie Kampioenskappe</u>**
   Die leerlinge moet asseblief sonblok, waterbottel en 'n hoed onthou.

   <u>Donderdag 18 Januarie 2018</u>
   Die byeenkoms begin om 12:00 en behoort teen ongeveer 17:00 afgehandel te wees

o/10 tot o/13	Hoogspring
o/10 tot o/13	Verspring
o/10 tot o/13	Gewigstoot
o/10 tot o/13	Spiesgooi

   <u>Vrydag 19 Januarie 2018</u>
   Dit is 'n amptelike skooldag en die leerlinge gaan eers na hul voogklasse toe. Leerlinge moet hul skooltasse saambring en mag vir die dag hul sportklere aantrek. (T-hemp en kortbroek)

   Items waaraan deelgeneem word:

o/6 tot o/13	Naellope
o/10 tot o/13	Hekkies
o/10 tot o/13	Middelafstande

   GRAAD 1 LEERLINGE:
   Almal neem deel aan die 60m en 80m uitdunne. Na afloop van die uitdunne sal die Graad 1 leerlinge terugbeweeg na hulle klasse.
   Die leerlinge wat in die finale wedlope deelneem en plekke behaal, sal in die Atletiekspan opgeneem word.

Ons benodig ouers om as beamptes op te tree by die Daggies Kampioenskappe en in die snoepie te help op hierdie dae. Vul asseblief meegaande strokie in, indien u kan help. Die skool sal u kontak met verdere inligting.

7. **Skoolfoto's**

Foto's sal op Dinsdag 6 Februarie 2018 van al die leerlinge geneem word. Dit staan u vry om 'n foto van u kind te bestel. Pakkette wissel vanaf R100 tot R220 afhangend van die aantal en grootte foto's wat u bestel.

U sal nadat die foto's ontwikkel is, 'n koevert ontvang waarop u, u persoonlike bestelling kan plaas. Betaling vir die foto's word ook in die koevert geplaas en aan die skool gestuur.

Al die leerlinge word op hierdie dag afgeneem vir die klasfoto en die skool-groepfoto. Sorg asseblief dat u kind netjies lyk en die korrekte skooldrag aanhet. Leerlinge wat kleurbaadjies het, moet dit asseblief op hierdie dag aantrek.

8. **Skoolfonds**

Onderriggelde vir 2018 is R7 040 (graad 1 tot graad 7) en R8 360 (graad R) is ten volle betaalbaar op die eerste skooldag. Die bedrag mag afbetaal word in elf gelyke paaiemente (R640 per maand vir die graad 1 tot 7 leerders en R 760 per maand vir die graad R leerders). Die eerste betaling moet gedoen word met die inskrywing of op die eerste skooldag van die leerder in 2018 (17 Januarie). Alle verdere betalings is verskuldig op die eerste skooldag van die daaropvolgende maand.

Ouers is geregtig op 'n 10% afslag, indien die volle bedrag vereffen is voor of op 28 Februarie 2018.

9. **Oueraande**

Neem asseblief kennis van die oueraande om 18:00 in die Skoolsaal:

Graad 1	- Maandag, 22 Januarie 2018
Graad 2, 3 en LSOB	- Dinsdag, 23 Januarie 2018
Graad 4, 5, 6 en 7	- Maandag, 29 Januarie 2018
Graad R	- Dinsdag, 30 Januarie 2018

10. **Skooltye**

Vergewis u asseblief van die skooltye. Leerlinge moet asseblief betyds in die oggend by die skool wees en op die laatste teen 14:00 afgehaal word. Die hekke sal om 7:30 gesluit word en leerlinge wat derhalwe laat is, moet by die kantoor aanmeld.

Register sal gehou word van leerlinge wat gereeld laatkom en die nodige stappe sal geneem word, indien die probleem nie opgelos word nie. Reël asseblief vir 'n nasorgsentrum indien u nie in die middag u kind kan kom haal nie, aangesien daar geen toesig op die terrein is na14:00.
Graad R tot Graad 2 - 07:30 – 13:15
Graad 3 tot 7 en LSOB - 07:30 – 13:45

11. Veiligheid

Die veiligheid van ons kinders is vir ons 'n prioriteit. Ek glo dat u as ouer ook met vrymoedigheid u kind soggens by die skool wil aflaai. Die Beheerliggaam van Laerskool Dagbreek het die besluit geneem dat **geen ouer vanaf 5 Februarie 2018 op die terrein voor- en na skool toegelaat sal word nie.**

U kan u kind by die hek groet in die oggend en weer in die middag by die hek ontmoet. Ons verseker u kind se veiligheid van die hek tot by sy/haar klas. Indien u graag met 'n onderwyser wil gesels, is u welkom om 'n afspraak deur die kantoor met die onderwyser te maak.

U is steeds welkom om u kind met na-skool aktiwiteite te kom ondersteun. Ons doen egter 'n beroep op u, om mekaar en die leerders te respekteer, soos u graag sou wou hê dat ander teenoor u en u kind moet optree. Ons waardeer u samewerking in hierdie verband.

12. Skooldrag

Let asseblief daarop dat u kind elke dag die regte skooldrag aanhet en netjies skool toe sal kom. Leer asseblief van jongsaf vir u kind trots en persoonlike netheid aan.

Seuns: Grys kort- of langbroek, grys kouse en swart skoolskoene.
Seuns se hare netjies gesny en geen "gel" is toelaatbaar nie.
Dogters: Blou rokkie met wit hemp, wit sokkies en swart skoolskoene.
Hare netjies gestilleer of in een of twee ponies of vlegsels vasgemaak, indien u dogter lang hare het. Slegs rooi, blou of wit linte of knippies mag gedra word.

Blou Dagbreek dri-mac's (by die skool beskikbaar) of blou Dagbreek trui of "pull-over" mag gedra word op koel dae.

Die leerlinge mag in die somer kaalvoet skooltoe kom.

Vrydae:
Die leerlinge mag Vrydae hulle informele "Daggie-hemp" en "Dagbreek broekie" dra (by die skool beskikbaar). Indien 'n leerling nie die Vrydagdrag het nie, trek hulle die "normale" skooldrag (soos bo uiteengesit) aan.

13. "Communicator"

Alle kommunikasie van die skool aan die ouers, sal deur die "Communicator" geskied. Dit is maklik om op u foon te installeer, deur op "Play Store" op u foon te gaan klik en die D6 toep ("app") af te laai.

'n Harde kopie van Omsendbriewe sal by die kantoor beskikbaar wees vir ouers wat nie toegang tot die Communicator het nie.

14. Godsdiensbeleid

Artikel 15 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, soos gewysig op 11 Oktober 1996, handel oor Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening.

Die Godsdiensbeleid van Laerskool Dagbreek maak daarom voorsiening vir die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.

Bywoning van enige godsdienstige byeenkoms is vry en vrywillig en daar sal teen geen leerder en/of sy of haar ouers, op enige wyse gediskrimineer word, op grond van sy/haar geloofsoortuiging nie.

Leerders wat verkies om nie aan godsdienstige aktiwiteite deel te neem nie, sal verskoon word en by ander aktiwiteite, onder toesig, betrek word.

Ouers wat vrystelling van godsdienstige aktiwiteite vir hul kinders verlang, moet asseblief 'n brief aan Mnr. P.W. van Heerden rig.

15. Belangrike datums vir Januarie 2018

Dinsdag	2 Januarie	Me. M. Troskie verjaar
Dinsdag	2 Januarie	Mnr. A. Janse van Rensburg verjaar
Saterdag	6 Januarie	Mnr. W. Carelsen verjaar
Maandag	8 Januarie	Me. A. du Plessis verjaar
Donderdag	18 Januarie	Mee. J. Laubscher en M. Lewitton verjaar
		Daggie Kampioenskappe Velditems (12:00)
Vrydag	19 Januarie	Daggie Kampioenskappe Baanitems (8:00)
Maandag	22 Januarie	Graad 1 Oueraand (18:00)
Dinsdag	23 Januarie	Graad 2,3 en LSOB Oueraand (18:00)
Woensdag	24 Januarie	Atletiek Byeenkoms – Hekpoort
Saterdag	27 Januarie	Atletiek Byeenkoms – Potchefstroom
Maandag	29 Januarie	Graad 4-7 Oueraand (18:00)
Dinsdag	30 Januarie	Graad R Oueraand (18:00)

16. **Gedagte van die week**

"Vriendelikheid is 'n taal wat dowes kan hoor en blindes kan sien" – Mark Twain

Vriendelike groete

P.W. van Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof

VOLTOOI AFSKEURSTROKIE EN STUUR ASSEBLIEF TERUG SKOOL TOE

Hiermee erken ek, _____, ouer / voog van _____ ontvangs van Omsendbrief 1/2018.

Ek kan / kan nie help by die Daggie Kampioenskappe op 19 Februarie 2018.

_____ Handtekening ouer/voog

_____ Kontaknommer